Paneellede
COVID-19 en die Ekonomie: Teologiese Vertrekpunte

Professor Piet Naude is direkteur by die Universiteit van Stellenbosch se Bestuurskool. Hy is ‘n bekende akademikus, openbare spreker en rubriekskrywer. Voordat hy by die Universiteit van Stellenbosch se Bestuurskool aangestel is, was hy die Vise-Kanselier van die Nelson Mandela Universiteit in Port Elizabeth. Hy was spesifiek vir onderrig en leer verantwoordelik. Hy het meer as 20 jaar se bestuursondervinding aan verskeie universiteite opgedoen.

Professor Johan Fourie is verbonde aan beide die departemente Ekonomie en Geskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch. Hy is veral geïnteresseerd in strukturele veranderinge wat in gemeenskappe oor ‘n langer periode geskied, asook die faktore wat groei bevorder. Hy huldig die mening dat Suid-Afrika se huidige uitdagings nie behoorlik aangepak kan word as die grondoorsake nie goed begryp word nie. Verder is hy ook oortuig dat ‘n deeglike verstaan van die rol van institusionele rolspelers, wat kollektief ‘n impak op ons verlede gehad het, baie belangrik is en verreken moet word. Hy is ‘n lidmaat van Stellenbosch Moedergemeente.

Dr Sipho Mahokoto is in Cradock in die Oos Kaap gebore. Hy matrikuleer aan die Hoërskool Matthew Goniwe.

In 1998 skryf hy in by die Fakulteit Religie en Teologie aan die Universiteit van Wes-Kaapland. In 2000 was hy een van die VGK studente wat van die Universiteit van die Wes-Kaapland Stellenbosch toe geskuif het.

Hy het al sy grade aan die Universiteit van Stellenbosch behaal. Hy was werksaam by die EFSA instituut, en dien as algemene sekretaris van die National Church Leaders Consultation. Hy is ‘n geordende leraar van die VGK en dien as tentmaker leraar van URCSA Kayamandi.

Hy is tans lektor in Sistematiese Teologie en Ekklesiologie aan die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Stellenbosch en doseer sistematiese teologie, etiek en publieke teologie.

Dr Bernice Serfontein is ‘n gemeenteleraar by die NG Gemeente Waterkloof in die Ou Ooste van Pretoria. Sy het haar Ph.D. aan die Universiteit van Pretoria in Dogmatiek en Christelike Etiek verwerf nadat sy ’n studietydperk in Boston Massachusetts in die VSA deurgebring het. Haar gekose studieveld is die transdissiplinêre diskoers tussen evolusionêre antropologie, filosofie en teologie en die verrykende perspektiewe wat dit op Christelike Etiek bied. Sy is tans ‘n navorsingsgenoot aan die departement Sistematiese en Historiese Teologie in die fakulteit Teologie en Godsdiens aan die Universiteit van Pretoria.

Professor Alphonso Groenewald is dosent in die Departement Ou Testament Studies aan die Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria.

Hy het sy Doktorsgraad in 2003 behaal aan die Universiteit van Nijmegen (Nederland), met ‘n studie oor Psalm 69. Hy het hom sedertdien, benewens die Psalms, ook toegelê op ‘n studie van die profete. Hy doseer tans Bybelse & Godsdiens-studies en Ou Testament, en is die afgelope dekade verantwoordelik vir al die Profetiese Literatuur, met sy hoof navorsingsfokus, die boek Jesaja (veral hoofstukke 1-12)